

REFORMASIE

(Gereformeerde Teologiese Studie)

Abraham en Moses

AS Abraham en Moses nie geleef het nie, sou die wêreldgeskiedenis ongetwyfeld 'n heeltemal ander verloop gehad het. En tog is hierdie manne nog tot kort gelede na die ryk van die legendes verwys. Die nuwere ontdekkinge in Bybellande het egter so 'n verrassende nuwe lig op die tydsomstandighede gewerp dat selfs die mees verstokte kritikus nie meer meer sal twyfel aan die historiteit van hierdie twee persone nie — of hy moet moedswillig die hakskene teen die prikkels skop.

Die skrywer hiervan het al by verskillende geleenthede gewys op die resultate van die opgrawings te Ur, Mari en Nuzi en wil in hierdie artikel enkele ander sake noem wat vir homself nuwe perspektiewe open en wat in Suid-Afrika miskien nog nie so bekend is nie.

Twee „Groot Manne“ in die Openbaringsgeskiedenis

teks spreek net van „die land van die Chaldeërs“. Om hierdie rede en ook vanweë die feit dat die aartsvaders gewoonlik na noordwestelike Mesopotamië as hul Heimat verwys (die omgewing van Haran), word dan deur geleerdes aangeneem dat die Hebreëuse



Prof. S. du Toit: Lid van die redaksie van 1940 tot 1954.

en sy familie oorspronklik woonagtig in Ur van die Chaldeërs. Die Griekse

teks op hierdie punt nie betroubaar is nie. Dit lees ons o.m. ook in die boek van Keller: *Die klippe het dit uitgeroep*, 'n werk wat by die miljoene oor die wêreld versprei word en wat seker waardevolle inligtinge bevat, maan wat tog in menige opsig aan die feite nie reg laat wedervaar nie. Keller haal die groot geleerde, prof. W. F. Albright, aan om sy stelling te bewys en wel uit sy werke *From the Stone Age to Christianity*, 2de druk 1948.

In ons besit is egter 'n artikel wat prof. Albright in 1949 geskryf het (*The Biblical Period*)

ABRAHAM.

Volgens die Hebreëuse teks van die Ou Testament was hierdie aartsvader

en waarin die volgende oor die onderhawige vraagstuk gesê word: „It is true that the Greek translation of the third century B.C. renders simply ‘in the land of the Chaldeans,’ omitting any reference to Ur Yet the book of Jubilees, which probably dates from the same century mentions both an eponymous hero named ‘Ur son of Kesed’ who built Ara (misunderstood Aramaic ar’a “land”?) of the Chaldeans, and Ur of the Chaldee itself (the latter repeatedly). It therefore seems to me that the most probable solution is to be sought in a different direction: The original Hebrew text may have been ‘Ur (in the) land of the Chaldee’, which was differently abbreviated by haplography in the recensions underlying the Septuagint and the masoretic text” (bl. 55).

As ’n geleerde van die formaat van Albright nog rondskipper is dit werklik nie nodig om die vertrouwe van die eenvoudige Bybelleser in die Hebreuse teks van die Bybel te skok nie.

Ook die volgende argument van Keller het nie veel om die lyf nie: „Ernstige navorsing en veral die opgrawinge van die twee jongste dekades laat dit so goed as seker wees dat Abraham nooit ’n burger was van die Sumeriese hoofstad nie (d.i. Ur, S.d.T.). Dit sou immers ál die Ou-Testamentiese voorstellinge van die lewe van die stamvader weerspreek: Abraham het in ’n tent gewoon; met sy kuddes het hy van weiplek na weiplek getrek, van waterbron tot waterbron. Hy het nie soos ’n wêreldstadburger geleef nie — hy het die egte lewe van ’n woestynswerwer gelei!”

Abraham en sy geslag hoef geensins deel van die inheemse bevolking van die stad Ur te gewees het nie — trouens hulle was ook nie Sumeriërs nie maar Semiete. Prof. J. Ridderbos is van gevoele dat die gesin van Tera, die vader van Abraham, tot die nomadiserende herders behoort het wat wel nie aan die spits van die beskawing gestaan het nie, maar van wie ons tog geen primitiewe voorstelling moet maak nie. (In *Abraham de Vriend Gods*, bl. 23v.). Moontlik was Abraham net soos Job ’n gesiene herdersvors wat nie noodwendig in die stad sy vaste domicilie gehad het nie, maar tog daar ’n woning besit het. In elk geval toon die optrede van Abraham dat hy orals waar hy gegaan het opgetree het as ’n fyn beskaafde mens, hoewel die beskawing en die kultuur van hierdie wêreld seker ’n ondergeskikte rol gespeel het in die lewe van die man wat „’n vaderland gesoek het”.

In die versamelwerk: *The Old Testament and Modern Study* (H. H. Rowley e.a.), Oxford, 1951, sê Albright: „After lowering his preferred date for Abram to the late seventeenth century in 1942, the writer has oscillated back to the twentieth or nineteenth century, but the evidence is still quite inadequate for a real solution of the problem” (bl. 7). In elk geval is hy oortuig dat die patriargale tyd nie onmiddellik voor die van Moses kan wees nie. Daar is ’n toenemende massa van getuienis wat ooreenstem met die Bybelse gegewens dat daar ’n lang tussentyd tussen die tweed periodes lê. Patriargale name en tradisies pas beter

in die Middelbrons- as in die Laatbrons-tydperk (ibid).

Ons gee voorkeur aan hierdie datering omdat dit aan die Bybelse gegewens die meeste reg laat wedervaar, altyd egter daaraan gedagtig dat daar nie absolute sekerheid in verband hiermee bestaan nie, soos prof. dr. B. Gemser nog onlangs aangetoon het in sy inougurele rede by die aanvaarding van die hoogleraarsamp aan die Universiteit van Groningen: „Een datum voor de Abrahamstrek te noemen, blijft, zelfs op een eeuw, laat staan op decennia af, een hachelijk ondernemen. . . . De eerste patriarch en met hem ook de anderen migreren nog gedurig tussen de twintigste en tot zelfs in die vyftiende eeuw v. Chr. . . . Onder het stuifzand en de verwerking van eeuwen zijn de jaartallen van Abram, Izak en Jakob nog niet zichtbaar geworden” (Vragen rondom de patriarchenreligie, Groningen, 1958, bl. 12.).

Die tyd van die patriarge (ong. 2000-1700 v.Chr.) was uitnemend geskik vir sulke beweginge as wat die verhele in Genesis veronderstel. Dit was die tyd waarin die sg. „Amoriete” of „Westerlinge” orals in Mesopotamië die inheemse prinse vervang het. In die tyd van die aartsvaders is die benaming „Amoriet” toegepas op alle volke wat noordwes-Semitiese dialekte gepraat het, insluitende die voorvaders van die later Arameërs en Israeliete. Aangesien die Bybel die voorvaders van die Israeliete in verband bring met die Arameërs, het die geslag van Abraham dus ook behoort tot die Amoriete wat in hierdie tyd oor die hele Voor-Asië heers, ook oor Kanaän.

In hierdie verband sal ons derhalwe 'n enigsins ander beskouing moet vorm in verband met die opofferinge wat Abraham homself moes getroos.

Dit was vroeër die gedagte dat Abraham deur weg te trek homself feitlik voëlvry verklaar het, omdat daar nie so iets as internasionale reg was nie en hy dus in die vreemde geen beskerming sou geniet nie. Soos sake nou staan ontmoet hy oral 'n verwante ras wat die lakens uitdeel. Onder die Amoritiese name van hierdie periode word dan ook die volgende gevind: Abram, Jakob, Laban, Sebulon, Benjamin. Die opgrawinge in Mari illustreer ook baie duidelik dat daar teen die einde van die agttiende eeu v.Chr. groot vryheid van beweging tussen die verskillende dele van die Amoritiese wêreld was.

Van Ur verhuis Tera en sy gesin na Haran, dus al langs die Eufraat en Tigris in noordwestelike rigting. Verskillende name van stede in hierdie omgewing herinner aan die patriarge. Dit blyk dan ook uit die opgrawinge dat die gebied van Haran een van die midelpunte van nuwe Semitiese nedersettinge was, presies in die tyd waarin ons kan aanneem dat die aartsvaders daar was (vgl. G. E. Wright, *Biblical Archaeology*, 1957, bl. 42).

Die land van die bestemming van Abraham was Palestina. Merkwaardig is dat die patriarge steeds geassosieer word met sekere gedeeltes van die bergland aan die westekant van die Jordaan. Die nuwere ontdekkinge kan ons verklaar waarom dit so is en waarom hulle hulself nie in die vlaktes gaan vestig het nie. Gedurende die periode net voor en net na 2000 v.Chr. was daar

'n agteruitgang van die materiële kultuur in Kanaän, met as gevolg die uitdunning van die bevolking, mede veroorsaak deur die druk van nomadiese en semi-nomadiese stamme. In suidelike en sentrale Trans-Jordanië is na die twintigste eeu v.Chr. die gevestigde lewe feitlik uitgewis. Eers in die dertiende eeu v.Chr. word hierdie streke weer bewoon.

Egiptiese figuurtjies uit Kanaän met inskripsies uit die twintigste eeu v.Chr., toon dat hierdie land in daardie tyd in 'n nomadiese of semi-nomadiese toestand verkeer het. Die enigste Palestynse stede wat genoem word is Jerusalem en Askelon. 'n Ander groep Egiptiese figuurtjies dateer uit die tweede helfte van die negentiende eeu v.Chr. Daarin word baie stede genoem, wat 'n toename in stadskultuur toon. O.a. word genoem: Jerusalem, Sigem, Akko, Tirus, Hasor. Hierdie nuwe vestiging het waarskynlik onder Egiptiese beskerming plaasgevind. Geser was in hierdie tyd 'n Egiptiese grenspos. Dit laat ons ook verstaan dat Abram sonder enige hindernis na Egipte kon aftrek. In die laaste deel van die negentiende eeu v.Chr. was feitlik die hele Wes-Palestina en Suid-Sirië georganiseer as stadstate, terwyl Trans-Jordanië nog in die primitiewe stadium verkeer het. Die stede was hoofsaaklik beperk tot die kusstroke, die vlakte van Jisreël en die Jordaanvallei. In die bergland was die stede yl versprei, wat ons dan ook verklaar waarom die patriarge juis hier rondtrek. Hier was tussen die bosse ruim weiveld vir die vee, hoewel blykbaar nog nie genoeg nie, sodat Abram en Lot uitmekaar moes

gaan. Ons haal hierdie woorde van prof. Albright aan: „The picture of limited movements in the hill country of Palestine, of seasonal migration between the Negeb (Suid-Palastina) and central Palestine and of easy travel to Mesopotamia and Egypt is, accordingly, so perfectly in concord with the conditions in the Middle Bronze Age that historical skepticism is quite unwarranted . . . as a whole the picture in Genesis is historical and there is no reason to doubt the general accuracy of the biographical details and the sketches of personality which make the patriarchs come alive with a vividness unknown to a single extrabiblical character in the whole vast literature of the ancient Near East” (*The Biblical period*, bl. 6).

Merkwaardig is dat die stede wat wel in verband met die patriarge genoem word die vernaamste nedersettinge in die bergland was gedurende hierdie periode, nl. Dotan, Sigem en Betel. Onder die geleerdes bestaan egter verskil wat die stad Hebron betref. G. E. Wright het reeds in die eerste uitgawe van die *Westminster Historical Atlas* (1946) die gedagte uitgespreek dat Hebron nie as stad in die tyd van Abraham bestaan het nie en blykens die tweede, hersiene uitgawe van die *Atlas* (1956) en sy *Biblical Archaeology* (1957) handhaaf hy nog hierdie gedagte en wel op grond van die volgende gegewens: in Num. 13:22 lees ons: „En Hebron is sewe jaar voor Soan in Egipte gebou.” Soan, die hoofstad van die Hyksos (Asiatiese invallers wat Egipte 'n lang tyd oorheers het) is omstreeks 1700 herbou en wel juis deur die Hyksos.

As Num. 13:22 nou op hierdie herbou sien, moet Hebron kort voor 1700 as stad ontstaan het en dan was dit in die tyd van Abraham (volgens die jongste datering van Albright) nog nie daar nie. Wright meen dat om hierdie rede Abraham met Mamre geassosieer word en dat Hebron twee keer in verklarende aantekeninge vermeld word om aan die (latere) lesers te verduidelik waar Mamre was (Gen. 13:18 23:19).

Ander geleerdes verklaar Num. 13:22 soos volg: die stad Soan of Tanis het reeds 2500 jaar v.Chr. bestaan, sodat dit in die tyd van Abraham al ongeveer 1000 jaar oud was. So bv. Gispén in die Kanttekening uitgegee deur Kok in Kampen, en Verhoef in die verklarende aantekeninge by die Afrikaanse Bybel. Edelkoort in die Kanttekeninge Bavinck-Edelkoort stem weer met Wright saam in die volgende woorde: „Hebron, of naar oudere benaming Kirjath-Arba, was dus gesticht in 1697 v.Chr., want aan Zoan . . . dat reeds tijdens de zesde Egyptische dynastie, omstreeks 2500 v.Chr. bestond, was een tijdrekening verbonden die in 1690 v.Chr. begon.”

Oor hierdie saak sal dus nog meer studie gemaak moet word. Dit is wel merkwaardig dat in al die gevalle waar die stad genoem word voor die tyd van Josef (ook die tyd van die Hyksos) die naam Hebron altyd as verklarende nota bykom vgl. Gen. 13:18; 23:2, 19; 35:27. Moontlik gee Van Deursen die oplossing in *Bijbelsche Encyclopedie* van Gispén e.a. en wel in hierdie woorde: „Er is een Egyptisch inschrift uit 1290 v.Chr., dat gedateerd wordt 400 jaar na de stichting van Zoan. Dan

zou deze stad zijn uit 1690 en Hebron uit 1697 v.Chr. Maar van Kirjath Arba is reeds sprake in de dagen van Abraham, dus eeuwen voor die tijd. Men stelt het zich zo voor dat het oude Kirjath Arba gebouwd was aan de Zuidzijde van het dal van de Wadi el Chalil en reeds bestond in de tijd van Abraham. Maar Hebron is aan de noordzijde; daar is ook de spelonk van Machpela. Wij mogen dus het tafereel van Gen. 23, waarbij Abraham die spelonk koopt, zo denken: Te Kirjath Arba, aan de Zuidzijde van de Wadi, woonde de Kanaänieten, de zonen Heths. Aan de andere zijde, te Mamre, woonde Abraham: het ligt dus voor de hand dat hij een graf voor Sara wenst aan de zijde waar Mamre lag, in de spelonk van Machpela. Een om die spelonk vormde zich daarna de nieuwe stad, het tegenwoordige Hebron. In Abrahams dagen lag dus inderdaad hier de spelonk van Machpela „tegenover Hebron (nl. Kirjath Arba, Gen. 23:19).”

In die tyd van die aartsvaders was nie alleen die kusvlakte en die vlakte van Jisreël in 'n bloeiende toestand en vol stede nie, maar ook die Jordaanvallei. Ons kan dus Gen. 13:10-13 beter verstaan: Lot het gaan woon in die stede van die *Jordaanstreek*. Volgens Wright het Albright daarin geslaag om die vraagstuk van die ligging van Sodom en Gomorra op te los. Dit is na alle waarskynlikheid onder die (vlak) water van die suidelike punt van die Dooie See.

Nog enkele ander besonderhede uit die lewe van die aartsvaders word vir ons duideliker. Dit blyk dat dit 'n gewoonte was om familiegrafte aan te lê.

In so 'n graf is dan ook allerlei voorwerpe geplaas wat die afgestorwene in sy lewe na die dood nodig mag kry. Hoe merkwaardig dat van Abraham so iets nie vermeld word nie. Hy het immers afskeid geneem van die heidenom en het die dag van Christus as van ver gesien.

In die transaksie van Abram met Efron die Hetiet in verband met die spelonk van Magpela het vergelyking met Hetitiese wette deur M. R. Lehmann vermoedelik nuwe lig gebring. Die Hetitiese wet wat in hul ou hoofstad in Klein-Asië gevind is, bepaal dat as 'n koper die hele eiendom van 'n verkoper oorneem hy (die koper) verplig is om sekere feudale dienste te lewer. Hierdie bepaling geld nie as slegs 'n deel verkoop word nie. Abraham wil slegs die spelonk besit wat „aan die end van sy stuk grond is” (Gen. 23:9), maar Efron wil die hele stuk grond verkoop, sodat Abraham dienspligtig kan word. Uiteindelik moet die aartsvader maar die hele stuk neem, wat bewys hoe ernstig hy daarvoor was dat sy geliefde vrou 'n behoorlike graf sal ontvang waar ook die later geslagte bygelê kan word—in die hoop op die ewige lewe. Efron laat dit wel voorkom of hy die grond aan Abraham wil gee, maar dit is die Oosterse manier van handeldrywe. Die bedoeling is wel dat Abraham daar ten duurste voor sal betaal. Die geld word „afgeweeg” — heeltemal in ooreenstemming met die gewoonte van die tyd toe gemunte geld nog nie bestaan het nie. In die verbygaan kan ons net vermeld dat dit vroeër as 'n anachronisme beskou is dat hier van Hetiete

sprake is. Latere ondersoekinge het geleer dat daar ouer en jonger Hetitiese volkslae is.

Die vermelding in Gen. 23:17 dat Abraham ook al die bome gekoop het wat op die stuk grond staan, is besonder interessant. Hetitiese koopkontrakte gee gewoonlik die presiese getal bome op 'n stuk grond.

MOSES.

Oor hierdie man met wie die Here gespreek het soos 'n man met sy vriend spreek, sou ons veel kon skryf. Vir hierdie keer net enkele interessante mededeling in verband met die ondersoekinge van prof. Albright e.a. Ook Moses was, net soos Abraham, tot kort gelede na die ryk van die legendes verwys. Die jongste ontdekkinge toon egter 'n heeltemal ander beeld.

Van besondere belang is die vasstelling van die lokaliteit van die twee stede wat deur die Israeliete as dwangarbeiders gebou is. Pitom kan nou geïdentifiseer word met die teenswoordige tell-er-Retabeh in die Wadi Tumilat in die noordooste van Egipte. Dit was 'n ou stad maar die farao Rameses II (1290-1224 v.Chr.) het hier bouwerke verrig, en so ver as huidige getuienis gaan kan ons aanneem dat die Israeliete hier gewerk het en wel onder die regering van Rameses II. Dit sal ons noodsaak om die uittog in die dertiende eeu v.Chr. te stel en nie in die vyftiende eeu soos vroeër gemeen is nie. Ook ander getuienisse wys in hierdie rigting.

Wat Raamses betref was dit altyd bekend dat die stad in die oostelike

Delta moes wees en daar is tans baie geleerdes wat dit wil vereenselwig met Tanis, ook genoem Soan en Avaris — die ou hoofstad van die Hyksos (vgl onder). Voor Rameses (of Ramses) II was die plek eeuelank verlate, want die farao's van die sg. agttiende dinastie (na 1570 v.Chr.) het die hoofstad terugverplaas na Thebe hoër op langs die Nyl. Ongeveer 1290 het Ramses die hoofstad weer na die Delta verskuive. Die stad word na hom verneem en word een van die belangrikste stede van Egipte. Inskripsies wat gevind is toon dat groot bouwerke deur die koning onderneem is.

Vir hierdie bouwerke is blykens die Bybels gegewens o.m. ook Israelitiese dwangarbeiders gebruik. Gedurende lang periodes is daar volhardend gepoog om die Bybelse verhaal dat Israel 'n lang tyd in Egipte gebly het, te diskrediteer. Nou weet ons uit 'n massa getuienis „to what a profound extent the north-eastern part of Egypt, especially the north-eastern Delta, became semitized during the period in question” (Albright).

Reeds vanaf die tyd van die twaalfde dinastie (1922-1779) het Semitiese invloed in Egipte begin instroom. In die agttiende eeu v.Chr. het hierdie invloed toegeneem in betekenis, 'n proses wat sou kulmineer in die verowering van Egipte deur die sg. Hyksos, wat hoofsaaklik van Noordwes-Semitiese afkoms was, naby verwant aan die Hebreërs. Dit kan vandag as seker beskou word dat Josef se opgang in die tyd van die Hyksos gestel moet word (ong. 1720).

Die Hyksosoorheersing word beëindig deur die stigter van die agttiende dinastie, Amasis I. Hy het Tanis grondig verwoes en teen ongeveer 1550 v.Chr. die laaste Semitiese garnisoen vernietig. Die Semiete wat nie gedood is nie, het agtergebly as slawe.

Intussen het Semitiese invloed in Egipte altyd sterker geword. Die verering van Kanaänitiese gode soos Baäl, Horon, Resjef en van godinne soos Astarte, Anat en Ajera het gedurig gegroei en in die tyd van Moses 'n klimaks bereik (vgl. Albright (*The Biblical period*, bl. 7).

Albright konkludeer op grond van dit alles dat ongeveer 1300 v.Chr. die toneel reg was vir die opkoms van 'n heroïse figuur soos Moses. Ons kan ons sy opvoeding in die paleis van die farao (wat volgens die bogenoemde gegewens dus naby die eiland Gosen was) enigermate voorstel. Dit was 'n tyd van versmelting van kulture en godsdienste. Nie alleen is Kanaänitiese gode ingevoer nie, maar in die Egiptiese letterkunde van die tyd kom honderde Kanaänitiese en Hebreuse woorde voor, veral in die dertiende eeu v.Chr.

In Palestina kom in dieselfde tyd nie minder as vier skrifsoorte nas die Kanaänities voor nie. Dit kan dus veilig aangeneem word dat Moses nie alleen tuis was in Egipties nie, maar ook in Kanaänities en Hebreus. (Waar is die dae toe Wellhausen kon beweer dat die skryfkuns in die tyd van Moses nog te swak ontwikkel was om so 'n werk soos die Pentateug voort te bring?).

Die hoofstad moes in die tyd van Moses 'n pragtige kosmopolitiese stad

gewees het, met imposante geboue en 'n bloeiende handel, ook oorsee. Maar die godsdiens het 'n ander beeld vertoon. Sowel in Egipte as in Kanaän is die Egiptiese en Kanaänitiese godsdiens versmelt. Dank sy die opgrawinge te Ras Sjamra in Noord-Sirië weet ons vandag wat 'n diepgesonke versinlikte godsdiens dié van die Kanaäniete was. Slangverering en menseoffers was aan die orde van die dag. Die Egiptiese godsdiens het wel op 'n hoër vlak gestaan maar bied ook nie juis 'n verheffende beeld nie. Ons gee weer die woord aan Albright: „Egyptian myths swarmed with crudities; for instance, creation was generally described as an act of sexual selfabuse on the part of the divine creator”. Enigiemand kon vir homself 'n gelukkige „hiernamaals” uitwerk as hy maar net genoeg wou spandeer aan duur begrafnisse en graftombes. „Since an astonishingly high proportion of the per capita wealth of the country was devoted to the construction of tombs and subsequent endowment, as well as the funerals themselves, with the costly embalming of corpses and expensive processions and entertainments that characterized them, it is easy to understand what an abuse this entire phase of Egyptian religion had become by the time of Moses. Small wonder that the new faith reacted violently against all kinds of sacred prostitution and human sacrifice, against magic and divination, and against funerary rites and cult of the dead!” (Albright, *Biblical period*, bl. 10, 11).

As Moses tydens die woestynreis dus wette maak onder inspirasie van die Heilige Gees om die volk van God te bewaar vir die praktyke van die heidene in Egipte en Kanaän, dan ken hy albei van naby. Maar dan word ook die woorde van Hebr. 11: 24-26 vir ons van soveel dieper betekenis: „Deur die geloof het Moses toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liever sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genieting van die sonde te hê, en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning”. Van menslike standpunt gesien doen Moses 'n dwase stap om hom te vereenselwig met die veragte slawevolke, maar God het hom bestem vir iets veel hoërs en ons is vandag dankbaar dat hy die keuse gedoen het, sodat teenoor die korrupte godsdiens en sedes van Egipte-Kanaän die suiwer godsdiens en moraal gestel kon word.

Wat die wette van Moses betref, sluit ons af met 'n opmerking van Albright. Daar is vandag nog baie geleerdes wat dit as 'n uitgemaakte saak beskou dat minstens die wette van Levitikus en Deuteronomium uit 'n baie later tyd as Moses dateer. Albright neem ook aan dat die dokumente van die Pentateug soos ons hulle tans besit uit verskillende tye dateer, maar almal is „relatively early”. Hy gaan dan voort met op te merk dat daar 'n basiese ooreenkoms (similarity) in kulturele en religieuse agtergrond tussen die verskillende dokumente is „which makes

it impossible not to attribute their origin to the beginnings of organized monotheism — in other words to Moses.” In sy werk: **The archaeology of Palestine** sê hy: „The contents of our Pentateuch are, in general, very much older than the date at which they were finally edited; new discoveries continue to confirm the historical accuracy or the literary antiquity of detail after detail in it. Even when it is necessary to assume later additions to the original nucleus of Mosaic tradition, these additions reflect the normal growth of ancient institutions and practices, or the effort made by later scribes to save as much as possible of extant traditions about Moses. It is, accordingly, sheer hypercriticism to

deny the substantially Mosaic character of the Pentateuch” (bl. 224). *Mutatis mutandis* is dit dieselfde standpunt wat deur Kuyper in sy **Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid** ingeneem is.

Ons het in hierdie artikel baie dikwels verwys na uitsprake van Albright (al stem ons nie met hom saam wat sy Skrifbeskouing betref nie) omdat hy nie alleen **facile princeps** op hierdie gebied is nie, maar ook eerlik genoeg om vorige standpunte te wysig as dit in stryd met die feite is. Ons hoop dat die leser 'n beeld ontvang het van die grootse perspektiewe wat deur die nuwere ontdekkinge geopen word.

S. DU TOIT.

